Hoërskool Labori High School

Gimnasiumstraat / Gymnasium Street
Privaatsak / Private Bag X3013
PAARL
7620

Tel (021) 872 8293 / 872 2042

E-pos / E-mail root@hslabori.co.za
Web www.hslabori.co.za

AFWESIGHEID EN LAATKOM-BELEID

1. Laatkommers

Leerlinge wat in die oggend laat is vir skool moet by die Algemene Kantoor aanmeld voordat hulle na hul klasse gaan. Dit is die ouer se verantwoordelikheid om te sorg dat sy/haar kind met 'n gepaste rede betyds by die skool opdaag. Ouers moet die skool skakel of whatsapp (0674130387) indien sy/haar kind gaan laat wees vir skool. Dit is dan die leerder se verantwoordelikheid om aan te meld by die kantoor sodat sy/haar naam van die afwesigheidsrekord afgehaal kan word.

2. Afwesigheid

Indien 'n leerder afwesig is as gevolg van siekte of enige ander rede, moet sy/haar afwesigheid deur die onderwyser op die Eduadmin stelsel aangebring word voor 08:00 elke oggend of so gou as moontlik.
Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die kantoor te skakel of te whatsapp (0674130387) voor 08:30 met die nodige rede vir afwesigheid. Admin sal dan die nodige afwesigheid op Eduadmin aanbring met 'n rede vir afwesigheid.

In die geval van leerders wat afwesig is en nie 'n rede vir afwesigheid het nie, word daar dan 'n sms na die leerder se ouers gestuur. Afwesigheid word ook daagliks op die WKOD se Cemis-stelsel gedoen.

Indien 'n leerder langer as drie dae afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat by die Algemene Kantoor ingedien word.

Leerders wie sonder aanvaarbare rede langer as tien dae aaneenlopend afwesig is, sal nadat die ouer gekontak is, van die register verwyder word en dan is sodanige leerder nie meer 'n ingeskrewe leerder van Hoërskool Labori nie.